

# Die Boek Job en die Laaste Dae

## 'n Kosmiese Oorsig

## Sewe waarhede om vir Christus se wederkoms voor te berei

Deur Timothy R. Jennings, M.D.

# Die Boek Job en die Laaste Dae

## 'n Kosmiese Oorsig

## Sewe waarhede om vir Christus se wederkoms voor te berei

deur Timothy R. Jennings, M.D.

Die Boek Job en die Laaste Dae:
‘n Kosmiese Oorsig

Deur Timothy R. Jennings, M.D.
Vertaling en proeflesing deur Jacques van den Heever en Rene Winter

Kopiereg © 2024 deur Come and Reason Ministries.
Alle regte voorbehou.

4922 La Collina Way, Suite 100
Collegedale, TN 37363
comeandreason.com
southafrica@comeandreason.com
423-661-4734

Geprint in Suid Afrika.

Skrifte gemerk “AFR53” word uit die Afrikaanse 1933/1953 vertaling geneem, © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Met toestemming gebruik. Alle regte voorbehou.

Skrifte gemerk “NLV” word uit die Nuwe Lewende Vertaling © 2006 Christelike Uitgewersmaatskappy geneem. Hierdie Bybelvertaling gebruik die teologiese en vertalingsbenadering van die Holy Bible, New Living Translation, kopiereg © 1996, 2004 deur Tyndale Charitable Trust. Alle regte voorbehou. Gebruik met toestemming van Tyndale House Publishers, Inc.

Skrifte gemerk “AFR20” word uit Die Bybel 2020-vertaling geneem, Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020. Digitale Weergawe © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020. Alle regte voorbehou.

Skrifte gemerk “CAB53” word uit die Contemporary Afrikaans Bible 2023 geneem, City Bible Foundation. Contemporary Afrikaans Bible is ‘n vertaling wat die oorspronklike Bybelse teks in moderne taal aanbied, wat dit vir die huidige lesers meer verstaanbaar maak. Dit het ten doel om die oorspronklike betekenis te handhaaf, terwyl dit by die veranderinge in die hedendaagse taal en kultuur aanpas.


Skrifte gemerk “KJV” word uit die King James vertaling geneem. Die regte in die gemagtigde (King James) weergawe van die Bybel word in die kroon gevestig. Gepubliseer met toestemming van die Crown’s Patentee, Cambridge University Press.

# Inleiding

Die eerste boek van die Bybel wat geskryf is, is die boek Job. Die boek Job is ook die eerste geïnspireerde skryfwerk wat God deur Moses aan die wêreld gegee het. Die boek Job is geskryf voor Eksodus. Die boek is geskryf toe Moses nog in Midian gewoon het. Dit was nie per toeval nie. Dit was so ontwerp. Die openbaringe in die boek van Job is noodsaaklike waarhede wat Moses voorberei het vir die volgende take: Hy was die man wat God gekies het om die volk uit Egipte te lei. Hy was die outeur van Genesis regdeur tot by Deuteronomium. Dit was deur Moses waardeur God die heiligdomsdiens ingestel het. Die heiligdomsdiens is 'n pragtig opgevoerde illustrasie van die plan van verlossing. Moses was 'n prototipe van die Messias. Een wat sou funksioneer as 'n verlosser van die volke. Moses was 'n verteenwoordiger van God. Een wat van aangesig tot aangesig met God sou praat. Een wat die waarhede van God aan die volk sou deurgee.

En daardie selfde openbaringe is vandag noodsaaklik vir die volk van God om ons te help voorberei vir Jesus se spoedige wederkoms. Wat hier volg is sewe belangrike waarhede wat in die boek Job gedemonstreer word wat fundamenteel is om God en die realiteit soos God Sy heelal ontwerp het te verstaan, om die Skrif reg te interpreter en om die gebeure van die Skrif behoorlik te begryp. Dit is baie belangrik vir ons om dit te ken sodat ons die 'volwasse' volk van God kan word wat "deur die gewoonte geoefen het, om goed van kwaad te onderskei" (Hebreërs 5:14 AFR53).

Skandeer hierdie kode om meer oor God se verlossingsplan soos geopenbaar deur die heiligdom te wete te kom.



# 1 Die Oorlog Is Groter as Ons

En op ‘n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die Here te stel, het die Satan ook onder hulle gekom. Toe vra die Here vir die Satan: Waar kom jy vandaan?

En die Satan antwoord die Here en sê: Van ‘n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het.

En die Here vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: ‘n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad.

En die Satan antwoord die Here en sê: Is dit verniet dat Job God vrees? Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het, aan alle kante rondom, beskut nie? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land. Maar strek net u hand uit en tas alles aan wat hy het — waarlik, hy sal U in u aangesig seën!

Daarop sê die Here aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie.


En die Satan het weggegaan van die aangesig van die Here (Job 1:6–12 AFR53).



Die eerste hoofstuk van die boek Job begin met ’n openbaring van ’n universele oorlog - ’n oorlog wat veel verder strek as die aarde en menslike wesens. Dis ’n stryd wat in die hemel begin het en wat sentreer rondom God se karakter en Sy betroubaarheid. Die Bybel bevestig dit elders:

> En daar het **oorlog in die hemel** gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp (Openbaring 12:7–9 AFR53, beklemtoning myne).

In hierdie teks - wat die begin van Satan se oorlog in die hemel beskryf, is die Griekse woord wat vertaal word as “oorlog” πόλεμος (*polemos*), waarvandaan ons “polemiek” kry, wat ’n oorlog van woorde beskryf, ’n oorlog van idees—dis nie ’n fisiese geveg nie. En ons word ook vertel dat die Satan die vader van leuens is:




> Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, **omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan** (Johannes 8:44 AFR53, beklemtoning myne).

Die primêre leuens van die duiwel gaan oor God. Soos die apostel Paulus gesê het:

> Ons leef wel in ’n menslike liggaam, maar ons voer die stryd nie met menslike middele nie. Die wapens van ons stryd is nie mensgemaak nie, maar die kragtige gevegstoerusting van God wat vestings kan vernietig. **Daarmee vernietig ons die argumente, asook elke skans**

> **wat teen die kennis van God opgerig word.** Ons neem ook elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak (2 Korintiërs 10:3–5 NLV, beklemtoning myne).

Moses moes verstaan dat dit wat op die aarde gebeur, deel was van ’n groter konflik waarby die hele heelal betrokke was, ’n oorlog oor twee antagonistiese beginsels en metodes. Is God liefde, die bron van waarheid, ’n regverdige Wese wat van Homself gee vir die welstand van Sy skepsele, een wat self opoffer om ander op te hef. (Filippense 2:5-11), ’n Wese wat Sy intelligente skepsele werklike vryheid gee?

Of is God nie anders as wat Satan beweer nie: ’n magtige Wese wat reëls maak en dan Sy mag gebruik om Sy reëls met toegediende straf af te dwing? Bestuur God Sy heelal met waarheid, liefde en vryheid, ’n heelal waarin al Sy wette ontwerpwette is—protokolle waarop die realiteit gemaak is om te werk? Of funksioneer God nie anders as Farao nie, ’n Maghebber wat reëls maak, wat dié wat die reëls breek straf en van mense slawe maak en so dwing om Sy bevele uit te voer?



Die grondslag om te verstaan wat in ons wêreld gebeur, is om te besef dat ons vasgevang is in ’n kosmiese oorlog, ’n oorlog wat in die hemel begin het en na die aarde versprei het, ’n oorlog oor God se karakter, wet, metodes en beginsels, ’n oorlog waarin die swaard van God se waarheid veg teen die leuens van Satan, waarin die krag van liefde veg teen vrees en selfsug, waarin vryheid vasstaan teen dwang en beheer, waarin vergifnis—wrokke en haat vernietig, waarin vriendelikheid—wreedheid uitsny, waarin sagmoedigheid—trots en arrogansie omverwerp, waarin genade—skuld en skaamte oorkom, waarin vertroue in God die poorte van die hel afbreek wat siele vasvang en harte en gedagtes herstel tot vriendskap met God.

Die eerste waarheid wat Moses moes verstaan, en die eerste waarheid wat ons moet verstaan, is dat die oorlog groter is as ons, en dat dit die hele heelal insluit.

# 2 Die Vyandelike Mag Word Gelei deur 'n Bonatuurlike Bedrieër

> Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim
> (Efesiërs 6:12 AFR20).

Die boek Job openbaar dat daar 'n vyand agter die skerms is, 'n wese met bonatuurlike vermoëns wat teen die koninkryk van God oorlog maak. Hy is die vader van leuens, die vernietiger, die een "wat mag oor die dood het" (Hebreërs 2:14). Hy is die bron van rebellie, wat wantroue in God geskep het, die breukpunt wat weggebreek het van God se volmaaktheid, wat afgewyk het van Sy ontwerpwette van die lewe, en dus het Satan die lewensverbinding van liefde en waarheid verbreek, waarop God se koninkryk funksioneer. Deur jou konneksie met God te verbreek en van Hom weg te draai lei tot die dood, en wanneer ons Satan se leuens glo, breek dit die bande van liefde en vertroue en lei na vrees, selfsug, skuld, skaamte, ondergang en die dood—tensy ons deur ons Verlosser herstel word.

Moses het nodig gehad om hierdie waarheid te verstaan, om Farao te kon konfronteer. Hy moes verstaan het hoe Adam en Eva geval het - hoe leuens Eva mislei het sodat sy God nie vertrou het nie en hoe daardie gebreekte vertrouensverhouding haar en haar man (wat saam met haar gekies het om te rebelleer) verander het. Hulle het verander van heilige, regverdige lojale wesens wat in volmaakte harmonie met God en Sy wet



van liefde geleef het—na wesens wat God wantrou het, wat gevul was met skuldgevoelens en skaamte en wat deur vrees en selfsug verteer is. God se wet is verplaas, en die wet van sonde en dood het hul siele besmet.

Ons, soos Moses moet verstaan dat die oorlog tussen goed en kwaad is nie ’n fisiese stryd nie, nie ’n oorlog van mag en krag nie, maar ’n konflik oor twee antagonistiese beginsels wat wedywer vir elke intelligente hart en gedagtes—’n oorlog wat deur ’n bonatuurlike wese aangehits word om te probeer om God in ons harte en gedagtes te vervang. Aan wie sal ons lojaal wees? Wie se wet en metodes sal ons omhels en beoefen? Op wie sal ons vertrou?



# 3 Pyn, Lyding en die Dood Kom van Satan—Maar God Word Geblameer

Job, die eerste geïnspireerde boek, openbaar die waarheid dat pyn, lyding en dood nie van God af kom nie—dit kom eerder van God se vyand - maar in hierdie gevalle wêreld, word God geblameer.

Soos wat die verskillende aanvalle op Job losgelaat is, het een van sy diensknegte aan hom die volgende gerapporteer:

> Die vuur **van God** het van die hemel geval en gebrand onder
> die kleinvee en onder die dienaars, en dit het hulle verteer;
> en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel
> (Job 1:16 AFR53, beklemtoning myne).

God word geblameer, maar die boek van Job los geen twyfel dat satan die vernietiging veroorsaak het nie.

Ons vind dat presies dieselfde ding gebeur reg deur die menslike geskiedenis. 'n Orkaan vernietig 'n stad, en God word geblameer. Versekeringsmaatskappye verklaar selfs dat orkane en ander natuurrampe "dade van God" is. Pasiënte blameer God vir hulle fisiese siektes, en ouers vra: "Hoekom het God my kind kanker gegee?"

Die Bybel openbaar dat God se mag gebruik word om die owerhede en magte van die duisternis weg te hou. (bv. 2 Konings 6:17; Psalms 34:8; 91:11) Hy stuur Sy engele om die krag van satan terug te hou en te beperk. Die boek van Job demonstreer dat God vir Satan grense gegee het, maar as daardie grense opgehef word, vernietig Satan.

Maar let op: God het vir Satan vryheid gegee om in Job se lewe op te tree. God het nie instruksies gegee dat Satan vernietigend moet optree nie. Die Skrif verduidelik op 'n ander plek hoe Satan vir Jesus al die koninkryke van die wêreld aangebied het. (Mattheüs 4:8,9) Toe God Satan die vryheid gegee het om in Job se lewe op te tree, kon die bose een Job meer rykdom gegee het, mense geïnspireer het om hom hul koning te maak, of hom meer

aardse mag en agting gegee het—maar hy het nie. Hoekom nie? Omdat Satan die vernietiger is, en as hy nie teruggehou word nie, openbaar hy homself as die bron van pyn, siektes, lyding en die dood.



Die Bybel vertel ook dat God se engele tans besig is om die vier winde van verwoesting terug te hou terwyl die hemel wag dat die diensknegte van God verseël word (Openbaring 7:1-3). Eers wanneer hierdie mense verseël is, sal die engele dit laat gaan wat hulle teruggehou het, en die magte van Satan is dan vry om allerhande skade te berokken.

Terwyl die finale gebeure ontvou en die vier winde van verwoesting losgelaat word, moet ons die les van Job onthou—dat God ons beskermer en Satan die vernietiger is. God is die bron van lewe; Satan is die bron van die dood. God is ons vriend, weldoener en Verlosser; Satan is ons vyand, uitbuiter en vernietiger.

Sommige raak op hierdie punt verward omdat daar voorbeelde in die Bybel is waarin God Sy krag gebruik het op maniere wat vernietigend lyk, soos die vloed of die vuur wat op Sodom geval het. Daar is egter 'n verskil tussen 'n chirurg wat 'n ledemaat amputeer wat vol gangrene is om 'n lewe te red en 'n rower wat 'n ledemaat van 'n verdediger afsny terwyl hy sy kwaad bevorder. Oppervlakkig blyk dit dat albei dade dieselfde is—albei sny ledemate af. Maar die chirurg probeer om te red deur die siekte uit te sny, terwyl die plunderaar net wil vernietig.

Skandeer hierdie kodes om meer te leer oor "Die Vloed en die Vraag of God Doodmaak," Deel 1 en 2, 'n diepgaande ondersoek oor God se genade waarin Hy optree op maniere om ons te red maar wat oppervlakkig voorkom asof God vernietig.

Deel 1


Deel 2

# 4 Familie en Vriende Kan Gebruik Word om te Versoek en te Ontmoedig

Die boek Job openbaar dat in hierdie moeilike tye, kan die duiwel deur ons naaste familie en vriende werk om ons te versoek en te ontmoedig. Job se vrou het hom aangemoedig “vloek God en sterf” (Job 2:9 NLV) en sy vriende het God verkeerd voorgestel (Job 42:7) en was “ellendige troosters” (Job 16:2 CAB23).

Moses moes dit verstaan want sy broer en suster sou teen hom draai (Num 12:1-16). En die mense wat hy help red het sou voortdurend by hom en oor hom kla.

Jesus het dieselfde stryd ervaar. Sy broers het hom nie geglo nie en probeer om Hom te versoek om in stryd met God se plan op te tree (Johannes 7:1-5). Petrus is ook deur Satan gebruik om Jesus te versoek en te ontmoedig (Mattheüs 16:22,23). Jesus het gesê: “Selfs ’n mens se eie familie sal jou vyande wees” (Mattheüs 10:36 NLV).



Terwyl ons die finale gebeure voor die wederkoms van Jesus in die gesig staar, moet ons hierdie waarheid onthou. Ons moet besef dat ons, soos Job, Moses en Jesus, familielede en vriende kan hê wat ons versoek en ontmoedig. Maar ons moet, soos Job, nie hierdie ontmoedigende familie en vriende glo nie, ons moet lojaal teenoor Jesus wees.

# 5 Bybelvolmaaktheid Gaan Oor Onwrikbare Liefde, Vertroue en Lojaliteit teenoor God

## Dit Gaan Nie Oor Hoe Goed Ons Take Afhandel of Die Nakoming Van Reëls Nie

Nadat Satan homself voor die hemelse raad voorgestel het, het God aan hom gesê:

> Het u my dienskneg Job beskou, dat daar niemand soos hy op die aarde is nie, ‘n **volmaakte** en opregte man, een wat God vrees en die boosheid ontwyk? (Job 1:8 KJV, beklemtoning myne).

Job was nie sondeloos nie: hy was ’n sondaar wat deur genade gered is, maar God het hom as “volmaak” beskryf. Hoekom? Omdat Job bereik het wat Jesus ons opdrag gegee het om te bereik.

> Wees julle dan volmaak, soos julle Vader in die hemele volmaak is. (Matteus 5:48 AFR53).

Die volmaaktheid waarvan Jesus hier praat, is die volmaaktheid van liefde, vertroue en lojaliteit. God is perfek in liefde, perfek in vertroue, en perfek in lojaliteit. En ons moet so volmaak wees in ons liefde vir God en ander dat ons, ongeag die beproewings, eerder sal sterf as om ons vertroue met God te verbreek.

Deur die geskiedenis was daar baie sondaars wat vriende van God geword het en wat hierdie volwassenheid bereik het—hierdie standvastige toewyding aan Hom. Hierdie getrouheid, hierdie lojale liefde, is Bybelse volmaaktheid:

- Daniël sou eerder in die leeukuil gegooi word eerder as om God te verraai.
- Sadrag, Mesag en Abednego sou eerder in ’n vuuroond gegooi word eerder as om God te verraai.

- En hoewel Job vrae gehad het—terwyl hy nie verstaan het wat met hom gebeur nie—sou hy nie sy vertroue in God verbreek nie.



Dit is wat God vir Sy volk op aarde wil hê wanneer die vier winde losgelaat gaan word in die laaste dae. Hy wil hê ons moet so gevestig wees in ons liefde en vertroue in Hom dat niks ons van Hom kan skei nie. Ons moet so volwasse wees dat wanneer die dierlike mag verskyn, wanneer "ons soos slagskape na die slagpale gelei word om geslag te word"—maak nie saak watter bedreiging ons in die gesig staar nie ...

> ... in dit alles is ons selfs meer as oorwinnaars deur Hom wat Sy liefde aan ons bewys het. Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here (Romeine 8:36–39 AFR20).



Ons moet soos Job verseël en volmaak in ons liefde vir en lojaliteit aan God wees. Eers dan sal ons onder die oorwinnaars wees "wat hom [Satan] oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie" (Openbaring 12:11 AFR53).

Die boek Job maak dit duidelik dat Bybelse volmaaktheid nie oor dade en take gaan nie, maar oor lojale liefde aan ons Skepper.

Die voorbereiding van God se volk vir Jesus se wederkoms word ondersoek op ons aanlyn hulpbron "Laaste Geslag Teologie." Skandeer die kode om nou daarheen te gaan.

# 6 Gesondheid en Welstand Is Nie ’n Teken van Geregtigheid Nie

Die boek Job openbaar dat die regverdiges deur tragedies mag gaan, alles verloor, siekte ervaar en ook armoede. Dit openbaar ook dat om reg met God te wees beteken nie dieselfde as om sukses in die wêreld te hê nie.

> En sy dissipels vra Hom en sê: Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is? Jesus antwoord: Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word (Johannes 9:2, 3 AFR53).



Soos Jesus se eie dissipels, het baie mense nie daarin geslaag om hierdie waarheid te besef nie en het hulle valslik tot die gevolgtrekking gekom dat as iemand arm is of aan siektes ly, dit is omdat hulle deur God verlaat is, deur God vervloek is, of deur God gestraf word, terwyl om gesond en ryk te wees, is ’n bewys dat jou saak met God reg is.

Hulle het nie besef dat Jesus se eie lewe een was wat gekenmerk was deur armoede, misbruik, mishandeling, verwerping, marteling en die dood nie. Sy lyding en ’n gebrek aan materiële seëninge was beslis nie ’n bewys dat hy onder die vloek of straf van God was nie.

Moses het nodig gehad om dit te verstaan om sy missie te vervul, om terug te keer na die ryk land—Egipte, en nie in die versoeking te kom nie. Hy moes weet dat sy swerwersklere en herderstaf nie ’n bewys was van ’n gebrek aan God se seën nie. Die mense van God wat voorberei om die laaste dae in die gesig te staar en voorberei vir Sy spoedige wederkoms moet hierdie selfde waarheid verstaan—om ons sekuriteit te bou op hemelse skatte en nie op aardse rykdom nie.

# 7 Die Hoogste Roeping vir Elkeen van Ons Is om Reg van God Te Praat

Uiteindelik openbaar die boek Job dat die sentrale kwessie in die kosmiese oorlog die waarheid oor God is. Soos Jesus vir ons gesê het: 'En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het' (Johannes 17: 3 AFR53). As ons lewe, gesondheid en geluk wil hê, moet ons terugkeer na die waarheid oor God soos geopenbaar deur Jesus. Om die kennis van God soos geopenbaar deur Jesus te verwerp, beskadig die verstand en karakter (sien Romeine 1:18-32).



Die boek Job maak die waarheid oor God die ewige sentrale waarheid. Die verhaal begin in die hemel met Satan wat beweer dat God omkoop, dat God manipuleer, dat God lieg as Hy sê dat Job op al sy weë volmaak en regverdig is. God se karakter en betroubaarheid word in twyfel getrek. Terwyl die boek ontvou, sien ons dat Satan kwaad doen, maar dat God daarvoor geblameer word. Ons sien dat mense God beskuldig en hom verkeerd voorstel, maar deur dit alles bly Job getrou. Hy weier om God te blameer. In plaas daarvan neem Job steeds die standpunt in dat as hy net met God sou kon praat, God dinge op 'n manier sou verklaar wat sin maak. En uiteindelik word Job geprys met die hoogste lof wat 'n vriend van God kan ontvang. Hy word geprys omdat hy reg van God gepraat het (Job 42:7).

In hierdie tyd in die geskiedenis word die ware vriende van God geroep om dieselfde te doen. Ons word geroep om reg te praat van God. Openbaring 14:7 vra dat 'n volk die ewige evangelie—die ewige goeie nuus

oor God—aan die wêreld moet gaan gee, om God die heerlikheid te gee deur Hom aan die wêreld te openbaar, want die tyd het aangebreek dat almal 'n regte oordeel oor God moet maak.

Satan het oor God gelieg, en God was geblameer vir al die booshede en euwels wat deur Satan ontstaan het. God word nogsteeds daarvan beskuldig dat hy die bron van pyn, lyding en die dood is. God word nogsteeds voorgestel as 'n kosmiese diktator wat reëls maak en sy krag gebruik om diegene wat weier om Hom lief te hê en sy reëls te gehoorsaam, te pynig en uit te wis. Dus vra God vandag vir Sy vriende, diegene wat soos Job is, om van Hom reg te praat, om die wêreld te vertel dat God presies is soos Jesus Hom geopenbaar het, dat Hy die bron van lewe, gesondheid, genesing en geluk is, en dat dit satan en sonde is wat die bron van pyn, lyding en die dood is (Hebreërs 2:14; Romeine 6:23; Jakobus 1:15; Galasiërs 6:8).

## Wees Soos Job

Job was die eerste boek van die Bybel wat geskryf is, omdat die lesse van Job die raamwerk gestel het om die kwessies in hierdie kosmiese oorlog te verstaan. Ek nooi u uit om die lesse uit die boek van Job te omhels en om volmaak soos Job te wees - volmaak in u lojale liefde en toewyding aan God, sodat dit nie saak maak watter beproewinge u in die gesig staar, watter pyn u ly, watter aanvalle u verduur, of watter vrae u het nie, u sal, soos Job, getrou bly, God vertrou, wetende dat as u Hom sien, Hy alles reg sal maak, alle wonde sal genees, alle trane sal wegvee en alle raaisels sal verduidelik.



# comeandreason
MINISTRIES

Gestig in 2010 deur Timothy R. Jennings, M.D. "Come and Reason" is daarop gerig om om jou te help leer om te onderskei; om jou te stimuleer om te dink; om jou te help om jou redeneervermoë te ontwikkel en te verfyn; om jou vermoë om tussen reg en verkeerd te kan onderskei te verhoog. Ons is nie hier om vir jou te sê wat om te dink nie, maar ons is hier om jou te wys hoe om jou Godgegewe redeneervermoëns doeltreffend te gebruik sodat jy beter kan groei en in genade kan ontwikkel en om jou nader aan God te bring in jou persoonlike wandel met Hom.



## Besoek ons by comeandreason.com om meer te wete te kom!

- Lewendige Bybel Studie webuitsending
- Antwoorde op u Bybelvrae
- Poduitsendings
- Tydige blogs
- Opleidingskursusse

x.com/designlawCR


youtube.com/comeandreasonmin

facebook.com/comeandreasonministries

comeandreason.com


# ONTDEK bemagtigende hulpbronne

## deur Dr. Timothy Jennings om u lewe en die lewens van diegene rondom u te verryk!





### The Remedy New Testament:
**Uitgebreide Parafrase in Alledaagse Engels**

’n Maklik verstaanbare Nuwe Testamentiese parafrase wat die evangelie van God se koninkryk van liefde soos Jesus dit geleef en geleer het werklik en toeganklik maak. Gedurende die Donker Eeue het Christelike leiers God se liefde as die sentrale pilaar van die evangelie vervang met menslike wette en reëls, oordeel en straf. Hulle het geleer dat God Sy koninkryk bestuur soos menslike regerings dit doen. Dit het die kerk wat Jesus gestig het fundamenteel verander - en het tot die volgende gelei: die Inkwisisie, kruistogte en mense is op brandstapels verbrand. Terwyl die meeste van die Bybelvertalings gedoen is deur goedhartige mense, terwyl hulle hierdie idee aanvaar het - dat God se wet en regering werk soos menslike wette en menslike regerings - het hulle onskuldig in die teks vrees-induserende idees oor God ingebring in die vertalings wat mense weggedryf het van die geloof. Hierdie verhelderende parafrase deur Dr. Jennings bied ’n duideliker siening van die ware boodskap van Jesus Christus gebaseer op die realiteit dat God Sy heelal geskep het om in harmonie met Sy aard van liefde te funksioneer. *The Remedy* sal jou hart en gedagtes heroriënteer na God se karakter van liefde en Sy missie om jou en die hele mensdom te genees en te herstel!




### The Remedy of the Lord in Song: The Psalms


Dr. Jennings bring dieselfde beginsels wat gebruik word in *The Remedy New Testament* hier in die Psalms na vore. Gevul met verfrissende taal wat jou sal nader trek aan God en jou hart sal verander soos nog nooit vantevore nie.




### Meditasie: 'n Bybelse Metode teenoor 'n Oosterse Metode


Maak meditasie saak in jou ervaring en begrip van God? Ja dit doen! In hierdie kort maar praktiese gids leer Dr. Jennings jou om die verskille tussen Bybelse en Oosterse meditasie te onderskei, die uiteenlopende praktyke en die impak daarvan op die brein funksie asook jou hart en verstand.

## TYDSKRIFTE




### Die Bruilof van Christus met Sy Bruid

Die Bybel sê dat Christus aan die einde van die tyd met Sy bruid sal trou. Dit dui op die ewige verbintenis wat Hy met Sy volk aangaan. Ondersoek hierdie laaste werk van Jesus om jou en die kerk daarop voor te berei om verenig te wees in ewige eenheid met Hom!





### Kritiese Rasteorie:
### Ontbloot die Leuens Terwyl die Waarheid Bevorder word

Verlang jy na die liefde en gelykheid inherent aan ons geloof, maar is bekommerd oor die invloed van Kritiese Rasteorie (KRT) in die kerk en samelewing? Dan sal hierdie tydskrif vir jou 'n groot seën wees! Dit kontrasteer die onversoenbare metodes van KRT en dié wat deur Jesus bevorder is. Dit openbaar dat die evangelie alleen rassisme kan beëindig en ware eenheid tussen mense kan bring.




### Ontmaskering van die Diere van Openbaring 13 & 17

Het die boek van Openbaring jou met meer vrae gelaat as antwoorde? Het jy gewonder hoe die simbole van geheimsinnige diere relevant is in hierdie tyd van die wêreld se geskiedenis? Leer van die pragtige sleutelinsigte oor die aktiewe magte wat tans in die wêreld aan die werk is om God in die harte en gedagtes van mense te onttroon en hoe jy jouself kan beskerm teen hierdie misleidings.




### Die Finale Boodskap van Genade aan die Wêreld:
### Die Drie Engele

Nog nooit het ons voorheen sulke vinnige seïsmiese veranderings gesien wat in die wêreld aangaan nie! Hierdie tydskrif ontbloot die ware betekenis van die drie engele se boodskappe van Openbaring 14 wat gegee is aan 'n sondige wêreld - insluitende die vier oordele en die ware aard van God se koninkryk. Kry meer vrede en word beter toegerus om die geestelike uitdagings vir ons tyd, te hanteer, terwyl ons ander help om voor te berei vir Jesus se spoedige wederkoms!

Baie van hierdie hulpbronne is gratis beskikbaar by **comeandreason.com**. Besoek ons vandag!

# Kragtige Deel-Traktaatjies!




Come and Reason Ministries bied nou nadenkende traktaatjies wat die nuuskierigheid sal prikkel van diegene wat vasgevang is in ’n valse prentjie van God en die Bybel. Hierdie klein, kleurvolle en opvallende traktaatjies kan gedeel word met enige-iemand enige tyd. Elke traktaatjie openbaar dwingende, lewensveranderende waarhede oor ’n ontwerper-God. Bestel joune vandag GRATIS vanaf **comeandreason.com**! Meer onderwerpe is oppad. So kyk gereeld na ons webwerf.

**comeandreason**.com

Come and Reason Ministries
4922 La Collina Way, Ste 100
Ooltewah, TN 37363
**comeandreason.com**